Ned. Geref. Gemeente
Wonderboom Pretoria

Kerkkantoor:
Posbus 13602
Sinoville
0129

Dr. C.S. Steyn
neliussteyn@gmail.com
082 890 8820

18 November 2019

Lidmate Ned. Geref. Gemeente Wonderboom

RE: Begeleidende brief ten opsigte van die moontlike ontwikkeling van ons Buurhoewe

Geagte Lidmaat

Die kerkraad het op 18 Oktober 2019 'n moontlike aanbod van 'n ontwikkelaar ontvang wat poog om die buurhoewe aan ons terrein se Suidelike kant te ontwikkel. Die voornemende ontwikkelaar het die kerkraad genader oor die moontlikheid om 'n strook van ons grond aan die suidelike kant by te koop, met die oog op 'n moontlike ontwikkeling op ons buurhoewe. Die kerkraad het op 4 November 2019 'n spesiale kerkraads-vergadering hieroor gehou en wil graag u as gemeente se insette hieroor hê. Die kerkraad wil geen vaste besluit hieroor neem sonder om u as gemeente hierin te ken nie.

Daarom wil ons op 24 November, na die oggend-diens met alle belangstellendes in gesprek tree. Ons plaas die moontlike aanbod op die web sodat u uself kan voorberei en voorstelle kan maak met die oog op die gemeentegesprek van 24 November. Dit gaan oor wat die gemeente moontlik kan inboet, maar ook wat die gemeente hierdeur sou kon wen. In wese beteken dit, dat indien daar van die gemeente se bates in die slag sou bly, die ontwikkelaar dit sal vervang op die plek en manier wat die gemeente pas. Die aanbod vir die strook grond (ongeveer 9%) van ons 2.2 hektaar grond, sal kan dalk vir die gemeente finansiële verligting bring, asook meer veiligheid en sekuriteit aan die suid-westelike kant van ons terrein beteken. Die kerkraad sal geen besluite hieroor neem sonder om u hierin te ken nie. Behalwe vir die moontlike finansiële verligting wat dit kan bring, kan dit ook aan ons as gemeente die geleentheid gee om ons hele terrein te herbeplan. Bid en dink asb. hieroor!

Let daarop dat daar nog geen reële aanbod op die tafel is nie, en dat hierdie moontlikhede op die stadium slegs tentatief is. Ons sien daarna uit om met u in gesprek te tree, na die erediens van Sondagoggend 24 November 2019. Stuur gerus enige insette na ds. Ernest Horn (emhorn@telkomsa.net) of na dr. Nelius Steyn (neliussteyn@gmail.com). Ons sal ook die moontlike grond ter sprake uitmerk en op Sondag 24 November na die oggenddiens saam met u op die terrein loop om die moontlike implikasies te ondersoek.

Vrede!

Dr. Nelius Steyn

(Skriba van die Kerkraad).